# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (19/09)*

*Justin Chadwick (15 Mei 2009)* *Citrus Growers Association (CGA)*

***GESEGDE VAN DIE DAG: "The only English words I saw in Japan were Sony and Mitsubishi" Bill Gullickson***

## AGRI TV

Jacomien de Klerk van die Sitrus Akademie het aan my die volgende epos gestuur "Ek is deur P-W van Wyk van AgriTV in kennis gestel dat hul beplan om met die uitsending van die Sitrus Na-oes reeks op Agriculture Today op **Maandag, die 18de Mei 2009** om **05:20** te begin. Aanvanklik sal twee segmente per week op Maandae en Dinsdae uitgesaai word." So diegene van julle wat vroeg op is, word versoek om hierna te kyk (hopelik sal dit jou nie van jou ontbyt afsit nie!).

## Eerste skepe is na Japan onderweg

Terwyl die meeste van ons gekyk het hoe die Sharks teen die Warratahs verloor het (damn), die Stormers die Force gewen het (sjoe, amper het hul die kans verloor) of die Bulls die Cheetahs pak gegee het (fantasties), het die span by die Fresh Produce Terminals teen tyd gewerk om die vrugte vir voorverkoeling in die koue kamers te kry vir die tweede Japanese skip. Almal met vrugte op daardie skip moet dankbaar wees vir die harde werk wat deur CGA se verteenwoordiger in die hawe (Faisal), die DoA inspekteurs, PPECB, die Japanese inspekteurs, FPT personeel, en al die ander betrokke, ingesit is om die taak gedoen te kry. Hierdie skip is in die ongelooflike tyd van 25 ure gelaai – weereens 'n gevolg van lang ure en spanwerk van al bogenoemdes. As gevolg hiervan kon die skip sonder vele vertragings seil.

Intussen het die eerste skip klaar by MFT gelaai (vir die eerste keer is daar vir 24 uur gelaai), gestabiliseer en vanoggend geseil.

Die verskepings-koördineringsgroep het nou drie spertye gehaal onder die nuwe CGA rentmeesterskap. Die verskepingsplan begin nou om homself uit te sorteer met die eerste skepe wat gelaai is. Die verskepingsplan is op 'n totale volume van 4 miljoen kartonne (17Kg) wat na Japan verskeep gaan word gebaseer. Inligting van verkope, verskepingsinnames en voorraadvlakke word gemonitor om te verseker dat voorraadvlakke binne die voorkeur of optimum vlakke bly ( wat drie weke se verkope is). Addisioneel het CGA ook drie omsendbriewe met belangrike inligting aan almal betrokke in verskeping van pomelos na Japan gestuur. Hierdie inisiatief is deur die produsente (10 sent 'n karton) en uitvoeragente ( 5 sent 'n karton) befonds. Fakture is reeds aan almal betrokke gestuur.

## SUID-AFRIKAANSE KABINET

Die nuwe kabinet wat op Maandag aangekondig is, is goeie nuus vir Landbou. Die verdeling van Landbou en Grondsake is 'n goeie skuif en een wat ons nou al vir jare bepleit; daar is te veel teenstrydige agendas tussen die wat wens om kommersieel te boer en die wat 'n eis op grond het. Die nuwe Minister van Landbou behoort 'n vars briesie te wees. Sy het wonderlike dinge in die Noord-Kaap as Provinsiale Minister van Landbou gedoen. Ek het die voorreg gehad om langs haar op 'n vlug tussen Upington en Johannesburg te sit sowat 'n jaar of wat gelede. Ons het baie aspekte van landbou bespreek en ek het haar baie kundig gevind met uitstekende insig en idees. Sy was na die Agri SA kongres onderweg – een van die min (indien nie die enigste) Provinsiale Minister om by te woon. Die aankondiging van Rob Davies as Minister van Handel en Nywerheid sal ook verandering in die regte rigting teweegbring – as Adjunk Minister was hy toeganklik en het goeie insig en begrip van die vrugtebedryf gehad. Kom ons hoop hierdie nuwe Ministers sal dienslewering tot nuwe hoogtes kan bring en die bedryf ondersteun in 'n ware publieke/privaat vennootskap.

## JEUG IN SITRUS

In 2005 het CGA 'n publikasie wat die transformasie inisiatiewe in die bedryf uitlig, gedoen (Our Citrus Transforms). Dit is deur "Women in Citrus" opgevolg, wat die bydraes wat vrouens tot die bedryf maak vertoon. Die CGA het nou vir Louise Brodie gekontrakteer om 'n derde publikasie te doen wat die rol wat die jeug in die sitrusbedryf speel, uit te lig. Ons wil graag soveel as moontlik stories dek, so as jy 'n jong persoon (onder 30 jarige ouderdom) ken wat 'n bydrae tot jou besigheid of tot die bedryf lewer, laat my asseblief weet of kontak direk vir Louise by ochreworks@freshpix.co.za.

## GEPAK EN VERSKEEP 2009

Die volumes van pomelos wat gepak en verskeep is bly steeds meer as 2008. 62% van die besendings het na Noord-Europa gegaan wat beteken dat hierdie mark 1.1 m kartonne ontvang het (2008 0.6 m). 76% van die pomelos wat tot op datum gepak is, is Star Ruby. Satsumas se verpakking is nou besig om tot 'n einde te kom – 1.68 m kartonne is gepak teenoor die gewysigde voorspelling van 1.8 m (oorspronklike skatting 2.1 m). Die Sagte Sitrus Fokusgroep het op 14 Mei vergader en hul voorspelling afwaarts tot 7.1 m kartonne (oorspronklike skatting 7.4 m) aangepas. VK (63%) en Noord-Europa (20%) bly die dominante markte. Suurlemoene wat gepak en verskeep is, is 2/3 van die hoeveelhede gedurende dieselfde tyd in 2008. Die hoof uitvoermarkte was Midde Ooste (50%), Verre Ooste (18%) en Rusland (12%). Die Suurlemoen Fokusgroep het op 6 Mei vergader en hul voorspelling hersien met 'n effense daling (van 9.4 tot 9.2 m kartonne). Daar is 'n groot moontlikheid dat hierdie voorspelling verder afwaarts aangepas sal word. Nawels nader die eerste miljoen gepakte kartonne met min wat tot op datum verskeep is.

| Tot Week 19 – Miljoen 15Kg kartonne | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike Skatting | Finale Voorspelling | Finaal Verskeep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Bron: PPECB** | 2008 | 2009 | 2008 | 2009 | 2009 | 2009 | 2008 |
| Pomelos | 3.5 m | 3.8 m | 1.3 m | 1.8 m | 15.1 m | 14.9 m | 12.4 m |
| Sagte Sitrus | 2.3 m | 2.1 m | 1.7 m | 1.4 m | 7.4 m | 7.1 m | 6.5 m |
| Suurlemoene | 3.2 m | 2.1 m | 2.1 m | 1.4 m | 9.4 m | 9.2 m | 8.8 m |
| Nawels | 1.2 m | 0.9 m | 0.3 m | 0.3 m | 21.6 m | 21.8 m | 21.2 m |
| Valencia | - | - | - | - | 43 m | 43 m | 40.4 m |
| | 10.2 m | 8.9 m | 5.4 m | 5 m | 96.5 m | 95.9 m | 89.3 m |

**JOU HEFFING WERK VIR JOU – PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM DIE AKTIWITEITE VAN DIE CGA, CRI EN SITRUS AKADEMIE TE BEFONDS**